



Hesseling: 'n eeu later¹

Fritz Ponelis
Departement Afrikaans en Nederlands
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
E-pos: fap@maties.sun.ac.za

Abstract

Hesseling: a century later

*The Dutch linguist D.C. Hesseling was a pioneer of creole studies. The first evidence of Hesseling's interest in language contact and creole languages was his publications on Afrikaans. Hesseling formulated the core of his approach to the origin of Afrikaans in an 1897 article and greatly elaborated his ideas on the subject in the book *Het Afrikaansch*, published in 1899. This was the first truly scientific study of Afrikaans.*

Hesseling placed emergent Afrikaans within the colonial Dutch contact situation. In his wide-ranging and penetrating sociohistorical analysis of the seventeenth-century language contact situation at the Cape, Hesseling discounted the impact of either Koi or French and German on emergent Afrikaans. He singled out the creole Portuguese introduced by slaves as the main factor in the formation of Afrikaans from colloquial seventeenth-century Dutch. Some of the issues raised by Hesseling have been hotly disputed, but his approach has remained at the centre of the discourse on Afrikaans historical linguistics.

Hesseling's involvement in the diachrony of early Afrikaans was partly stimulated by his passionate interest in the language politics of the emergent Afrikaans standard language. He was the very first linguist of stature to argue for the standardisation of Afrikaans. Moreover, his ideas on the viability of Afrikaans as a local standard language in competition with both

1 Gewysigde weergawe van 'n referaat wat voorgedra is by die Derde Internasionale SAVN-Kongres, Universiteit van Kaapstad, Julie 1998.

English and Dutch have been borne out, though they had been discounted within contemporary Afrikaner Nationalist discourse.

1. Inleiding

D.C. Hesseling se boek *Het Afrikaansch* het in 1899 verskyn. Met hierdie werk het Hesseling die grondslag gelê van die Afrikaanse taalkunde in die algemeen en die Afrikaanse historiese taalkunde in die besonder.

Die Junggrammatiker was die toonaangewende skool in negentiende-eeuse taalkunde (Robins, 1967, hfst. 7 en die omvangryke literatuur wat daar vermeld word). Hulle het taal benader as 'n selfstandige entiteit: klankwette (dit wil sê, fonologiese veranderinge) het volgens hulle blind gewerk. Die groot prestasie van die Junggrammatiker was om die historiese geledinge van die uitgebreide Indo-Europese taalfamilie en al sy vertakkinge te beskryf. Kritiek op die Junggrammatiker is uit twee hoeke gelewer. In die eerste plek het die historiese dialektoloë (onder wie Gilliéron en heelwat later ook Frings en Kloeke; vgl. Robins, 1967:187-190) aangetoon dat kulturele faktore groot invloed op taalverandering kan uitoefen, onder andere deur uitsonderinge op die fonologiese veranderinge te veroorsaak wat volgens die Junggrammatiker blind en sonder uitsondering verloop. In die tweede plek is kritiek op die Junggrammatiker se outonome benadering gelewer vanuit die studie van taalkontak, veral in die vorm van kreolisering binne koloniale verband. Hesseling is ná Hugo Schuchardt (1891) een van die prominentste vroeë kreohste. Dit is in die kader van die kreolistiek dat hy 'n wesenlike bydrae gelewer het tot die studie van Afrikaans en ook van Negerhollands en Papiamentoe.

Hesseling was geen Neerlandis nie. Nadat hy gevorderde nagraadse studie oor Grieks gedoen het, is Hesseling in 1893 as privaatsdosent in die Klassieke aan die Ryksuniversiteit Leiden aangestel, en in 1907 is hy bevorder tot hoogleraar in Bisantynse en Moderne Grieks (Muysken & Meijer, 1979:viii). Hy het 'n verskeidenheid studies oor Grieks gepubliseer, waaronder Hesseling (1907).

Hesseling se belangstelling in taalkontak en die kreolistiek het die vroegste tot uiting gekom in publikasies oor Afrikaans. Sy kerngedagtes oor die wording van vroeë Afrikaans het Hesseling reeds in 'n artikel van 1897 geformuleer. Hy het sy siening baie breër uitgewerk in sy reeds vermeldde boek van 1899, *Het Afrikaansch*, waarvan 'n sterk gewysigde tweede uitgawe, *Het Afrikaans*, in 1923 verskyn het. Tussendeur en daarna, tot in die negentien-dertigerjare, het Hesseling hom voortdurend met sowel die Afrikaanse letterkunde as die taalkunde besig gehou, onder andere in talle resensies. Naas Afrikaans het Hesseling die omvattendste studie aan Negerhollands gewy, 'n Nederlandse kreool wat tydens die sewentiende eeu in die Karibiese Seegebied ontstaan en pas in hierdie eeu ondergegaan het (Hesseling, 1905). Met hierdie werk het Hesseling hom gevestig as een van die belangrikste grondleggers van die

hedendaagse kreolistiek naas Schuchardt. Maar hy het hiermee ook die heel eerste sistematiese ondersoek oor koloniale Nederlands gedoen. Om die waarheid te sê, van koloniale Nederlands het in die Neerlandistiek van die Lae Lande selfs tot baie onlangs bloedweinig tereggekóm.

2. Vroeë studie van Afrikaans

Taalkundige belangstelling in Afrikaans, vir die grootste deel van die kant van Nederlanders, dagteken reeds van voor die helfte van die negentiende eeu. In 1844 het Changuion 'n kort Afrikaanse glossarium met aantekeninge gepubliseer. Presies veertig jaar later het Mansvelt se baie uitvoeriger *Idiotikon* verskyn. Hierdie heel behoorlike stuk leksikografie (Gouws, 1995) van Mansvelt is die heel eerste wetenskaplike bydrae tot die beskrywende taalkunde van Afrikaans. Die tweede bydrae van wetenskaplike aard was H. Kern se "Transvaalse" spraakkuns en woordelys van 1890. Hierdie werk was heelwat breër in opset as Mansvelt se werk en het nie naastenby dieselfde diepgang gehad nie. Die eerste taalkundige werk wat deur Afrikaansprekendes self gedoen is, was W.J. Viljoen se proefskrif (1896) oor vroeë Afrikaans en S.J. du Toit se Afrikaanse grammatika van 1897 (Loubser, 1980).

Tot sowat vier dekades gelede was die Afrikaanse taalkunde deur en deur histories. Hierdie historiese inslag was in die eerste plek 'n teken des tyds: die diakronie was naamlik die gunstelingbenadering in die taalkunde van die laat negentiende en vroeë twintigste eeu. In die tweede plek was die ontstaan van Afrikaans ('n volledig historiese kwessie) 'n brandpunt binne Afrikaner-nasionalisme. Tog is dit Hesseling wat die kader bepaal het waarbinne die Afrikaanse taalkunde tot in die sestigerjare van hierdie eeu bedryf is. Dit is immers sy *Het Afrikaansch* van 1899 wat die eerste taalwetenskaplike werk van formaat oor Afrikaans was. Hierin is die benadering van Afrikaans ten volle histories en word die ontstaan van Afrikaans in baie meer diepte as ooit tevore ondersoek. Talle vooraanstaande Afrikaanse taalkundiges het hulle in die ses dekades na die verskyning van *Het Afrikaansch* in 1899 eksplisiet of implisiet rekenskap gegee van Hesseling se standpunt. Fel kritiek is op Hesseling uitgespreek deur navorsers soos Boshoff (1921), Bosman (1916 en 1923) en Kempen (1969). Aan die ander kant het D.F. Malherbe (1924) *Het Afrikaans* (die tweede uitgawe van 1923) gunstig geresenseer, terwyl ondersoekers soos Du Toit (1905) en Le Roux (1923) die Hesselingtradisie verder uitgewerk het. Ook Franken (1927) het, ongeag sy grondige kritiek, sy waardering vir Hesseling laat blyk. Sedert 1966, na die verskyning van Valkhoff se *Studies in Portuguese and Creole*, het Hesseling weer sterk op die voorgrond gekom, byvoorbeeld in Raidt (1975) se reaksie op Valkhoff. Vergelyk verder afd. 5 onder.

3. Afrikaans en taalkontak

Diakroniese benaderings tot Afrikaans kan gesitueer word in 'n ruimte wat aan die een kant begrens word deur die Germaanse en Nederlandse verband van Afrikaans en aan die ander deur taalkontak in die vroeë ontwikkeling van Afrikaans.

Hesseling het hom glad nie besig gehou met die Germaanse en Nederlandse verband van Afrikaans nie. Hierdie vraagstuk sou 'n halfeeu later in groot besonderhede deur Hesseling se landgenoot Kloeke (1950) ondersoek word. Nietemin, dit wat Hesseling oor die Nederlandse basis van Afrikaans te sê gehad het, was allesins behartigswaardig:

... men [dient] als grondslag van het Afrikaansch der XVIIde eeuw niet een dialect in den engeren zin van het woord ... aan te nemen, maar de platte spreektaal van een groote stad, de taal der kleine burgerij van Amsterdam, die uit ongelijksoortige elementen was samengesteld (Hesseling, 1897:138).

Hiermee het Hesseling ongenuanseerde beskouings afgewys wat die Nederlandse basis van Afrikaans aan 'n bepaalde dialek, soos onder andere Noord-Hollands, probeer verbind het en het hy die siening vooruitgeleef wat J. du P. Scholtz (1950) in reaksie op Kloeke en na noukeurige studie van die Nederlandse historiese dialektologie geformuleer het.

Hesseling het hom bepaal by die dinamika van taalkontak in die vroeë Kaapse samelewing: taalkontak, so het Hesseling reeds in sy artikel van 1897 beweer, het 'n ingrypende impak op Afrikaans gehad. Afrikaans is nie die resultaat van blote koineïsering nie, waarvan die uitwerking nie besonder ingrypend is nie. 'n Koine is 'n gemeenskaplike kode wat uit naverwante variëteite ontwikkel het. Die proses van koineïsering was aan Hesseling goed bekend uit sy studie van Grieks (vgl. Hesseling, 1897). Hy het die diep ingryping van taalkontak op Afrikaans beredeneer aan die hand van 'n vergelyking tussen Afrikaans en Kanadese Frans (Hesseling, 1923b). Kanadese Frans, so het Hesseling gekonstateer (Hesseling, 1923b:442), verskil minimaal van Europese Frans. In Kanadese Frans het koineïsering ingetree:

Daaruit blijkt dunkt mij, voor wie er nog aan twijfelden, voor wie 't nog niet wisten b.v. uit de geschiedenis van 't Grieks na Alexander de Grote, dat botsing van dialekten, van spreekwijzen die nauw verwant zijn, geen aanleiding geeft tot zulk een vereenvoudiging als waarvan 't Afrikaans getuigt ...

Hierdie vereenvoudiging van Afrikaans is “alleen 't gevolg van plotselinge nood, door aanraking met een zich opdringende vreemde taal ontstaan ...” (Hesseling, 1923b:442).

Het belangrike verschil tussen de lotgevallen van Nederlands en Frans in Afrika en Amerika is gelegen in de vreemde taal waarmee onze voorouders in zeer nauwe aanraking kwamen, in de omstandigheid dat hun kolonisasie een veel bezochte haven tot uitgangspunt had en vooral dat zij in groten getale slaven hielden (Hesseling, 1923b:450).

In teenstelling met Kanada en noordelike Akkadië (Franssprekende Noord-Amerika) het daar in Louisiana in suidelike Akkadië wel 'n kreoolse variëteit van Frans ontstaan, juis omdat daar soveel vreemdtaliges was (Hesseling, 1923b:451 e.v.). Ondanks hierdie grondige argumentasie is later, na Hesseling se dood, tog na koineïsering gegryp om die eiesoortigheid van Afrikaans te verklaar (vgl. Louw, 1948). Louw het die eiesoortigheid van Afrikaans probeer verklaar uit 'n Germaanse koine, soortgelyk aan dié wat plaasgevind het in die proses van ooskolonisasie deur Duitsers in Oos-Europa, maar hy het hom nie teenoor Hesseling se goed beredeneerde standpunt verantwoord dat koineïsering nie die ingrypende verandering van Afrikaans kon veroorsaak het nie.

Die verandering van Nederlands tot Afrikaans het teen 'n vinnige tempo gebeur – binne sowat drie dekades (Hesseling, 1923a:18). Volgens Hesseling kan die snelheid van hierdie verandering aan 'n enkele faktor toegeskryf word, naamlik die invloed van Maleis-Portugees: “De tijd waarin het Maleis-Portugees zijn invloed 't sterkst heeft doen gevoelen meen ik te moeten stellen in de periode die ik indertijd [1899] begrens heb door de jaartallen 1658 en 1685” (1923a:59). Die vroegste van hierdie datums slaan op die aankoms van die eerste besendings slawe aan die Kaap, terwyl 1685 die periode begrens voor die aankoms van redelike groot getalle Franse Hugenote.

Verandering deur taalkontak kan op twee wyses bewerkstellig word: deur beïnvloeding of deur interlektiese aanpassing. Beïnvloeding behels die oorname van verskynsels uit taal A deur taal B: Afrikaans het byvoorbeeld honderde woorde aan Engels ontleen. Die bron van Afrikaanse vorme soos *brekfis*, *fanbelt*, *ghries*, *joke* en *partner* is kennelik Engels. Interlektiese aanpassing het nie te doen met die inwerking van een taal op 'n ander nie, maar met die impak van strategieë van die verwerwing van vreemde tale. Hesseling het van beïnvloeding uitgegaan, in die besonder van Maleis-Portugees op vroeë Kaapse Nederlands.

3.1 Beïnvloeding deur Maleis-Portugees

Hesseling (1923a:11 e.v.) het die meertalige samelewing aan die vroeë Kaap in groot besonderhede ontleed. Sowel Frans as Duits het weinig invloed op wordende Afrikaans gehad (Hesseling, 1923a:18-20). Ten opsigte van die Koi konstateer hy: “... als men met mij de beslissende crisis in de eerste dertig jaar van 't bestaan der kolonie stelt ..., dan zijn niet de inboorlingen [dus die Koi] de eigenlike oorzaak van de ingrijpende wijziging der Hollandse taal geweest” (Hesseling, 1923a:18). Sedert die begin van die agtiende eeu het Koi-ïnvloed

hom sterker laat geld (Ponelis, 1993:63-65, 104). Die aard van hierdie later invloed is na Hesseling ondersoek deur Nienaber (1963) en Van Rensburg (1984 en 1989). Den Besten deel glad nie Hesseling se standpunt dat Koi geen beduidende vroeë invloed op wordende Afrikaans uitgeoefen het nie, en hy beredeneer dit in 'n aantal publikasies, waaronder Den Besten (1989), dat 'n Koi-pidgin die deurslaggewende faktor was in die ontstaan van Afrikaans. Den Besten gee bloedweinig sosiohistoriese gegewens, en ekself (Ponelis, 1993:30 e.v.) gaan daarvan uit dat Hesseling se redenasie oor die Koi-aandeel juis is. Nietemin, die hele saak moet sowel sosiohistories as linguisties baie grondiger beredeneer word, onder andere aan die hand van deurtastende kennis van Koivariëteite.

Verreweg die grootste deel van Hesseling (1923a) word gewy aan die rol van Maleis-Portugees in die vroeë Kaapse samelewing. Onder die term *Maleis-Portugees* verstaan Hesseling (1923a:53 e.v.) 'n gebroke of kreoolse Portugees met sterk Maleise invloed wat in Oos-Indië (onder andere in Batavia en op Ceylon) naas Maleis as verkeerstaal gebruik is. Hierdie vorm van Portugees is volgens Hesseling (1923a) gevestig as maritieme verkeerstaal in die Portugeese koloniale ryk wat deur die VOC oorgeneem is. Uit hierdie koloniale ryk is Maleis-Portugees na Kaapstad ingevoer, as "hawetaal" maar veral as algemene verkeerstaal onder die slawe wat sedert 1658 in al hoe groter getalle na die Kaap aangevoer is. Aan die Kaap het slawe uit Portugeese koloniale gebiede soos Guineë en Angola gehelp om die posisie van Portugees te versterk.

In die Kaapse samelewing was Portugees baie prominent (Hesseling, 1923a:31): "Ik geloof ... dat na 't Hollands het Portugees in zijn gebroken vorm er 't meest was verbreid." Van die slawe af het Portugees na die Koi verbrei (onder wie Eva, wat deel was van die Van Riebeeckhuishouding en later met Pieter van Meerhoff getroud is; Hesseling 1923a:15 e.v.). Ook onder koloniste was sowel passiewe as aktiewe kennis van Portugees verbreed, onder andere weens die band tussen die Kaap en Oos-Indië in die vorm van besoekers en oudgaste en die vaste verbintenisse en huwelike tussen koloniste en (Portugeessprekende) slawe. Hesseling se gevolgtrekking oor die stand van Portugees in die vroeë Kaapse nedersetting is dan dat: "... het de enige vreemde taal is die men in de volksplanting niet slechts hoorde, maar 't vroegst en veelvuldig sprak (relevering van Hesseling; 1923a:59).²

Hesseling se sosiohistoriese analise van Portugees aan die Kaap is fel bestry deur Bosman, eers in sy proefskrif van 1916 en daarna in Bosman 1923.

2 Die ondersoek van Franken (1953:41-79) het, contra Hesseling, laat blyk dat Portugees onder koloniste geensins verbreed was nie. Maar dit tas die posisie van Portugees in die vroeë Kaapse samelewing nie wesenlik aan nie: feit is dat Portugees onder 'n segment van vroeë Afrikaanssprekendes, naamlik die slawe, sterk gevestig was; vgl. ook Ponelis 1993:17.

Bosman wou die belang van sowel Portugees as die slawe vir die vroeë ontwikkeling van Afrikaans relatiewe. Hesseling self het reeds in die tweede uitgawe van sy *Het Afrikaans* van 1923 uitvoerig replek op Bosman se kritiek gelewer, en Hesseling se standpunt oor Portugees is mettertyd aangevul deur navorsers soos Franken (1953), Valkhoff (1966), Raidt (1976) en Leal (1978). Franken (1953) het die kennis en gebruik van Portugees uitvoerig gedokumenteer op grond van sorgvuldige argiefnavorsing. Valkhoff (1966, 1972) was van mening dat Hesseling se werk op die agtergrond geskuif is deur "albosentriese" Afrikanernasionalistiese navorsers en het op 'n ware kruistog gegaan om Hesseling sogenaamd in ere te herstel deur sy sosiohistoriese argumente in verband met Portugees op te haal en aan te vul.

Kaapse Portugees is verder ondersoek deur Franken (1953), terwyl Leal (1978) die leksikale bydrae van Portugees tot Afrikaans duideliker omlin het. Die ingrypende Portugese bydrae tot Afrikaans word saamgevat in Poneelis, 1993:102-103. Dit is egter Raidt (1976) wat die sluitsteen op Hesseling se werk oor Portugees geplaas het. Die beduidende leksikale bydrae van Portugees tot Afrikaans is sowel deur Hesseling as ander vroeë navorsers bespreek. Hierdie gegewens kon nie die ingrypende invloed van Portugees op Afrikaans waarmaak wat deur Hesseling voorgestaan is nie. Hy het immers beweer (1923a:9) dat Afrikaans 'n mengtaal is. Raidt (1976) het op grond van uitvoerige gegewens aangetoon dat die gebruik van *vir* in Afrikaanse voorwerpskonstruksies 'n Portugese ontleding is. Laat dit daar of die leksikale invloed van Portugees wat deur Hesseling en ander aangetoon is, hoegenaamd beduidend is. Feit is dat hierdie *vir*-gebruik 'n patroonmatige, grammatiese verskynsel is wat in alle variëteite van Afrikaans voorkom. 'n Konstruksie van hierdie aard kon net ontleen word as daar tussen Portugees en wordende Afrikaans die nouste kontak was. Bosman het hom blind gestaar op sy suiwer sosiohistoriese analise van die stand van Portugees en hom veels te min gesteur aan die struktuur van vroeë of eietydse Afrikaans om te kon begryp wat die implikasies is van die Afrikaanse *vir* in voorwerpskonstruksies (Poneelis, 1993:265 e.v.).

Naas Portugees het Hesseling (1923a:67 e.v.) ook heelwat aandag gewy aan die Maleise invloed op Afrikaans. Ook wat dit betref, het Raidt (1981) in aansluiting by Hesseling (1923a) werk van deurslaggewende belang gelewer deur aan te toon presies hoe drasties Afrikaans deur Maleis beïnvloed is, naamlik in die opsig dat Afrikaans aan Maleis 'n uiters produktiewe leksikale prosedee, naamlik reduplikasie (*twee-twee, plek-plek, wil-wil ...*), ontleen het.

3.2 Interlektiese aanpassing

'n Tweede soort verandering wat uit taalkontak spruit, is interlektiese aanpassing. Volwasse vreemdtaliges verwerf 'n nuwe taal wanneer hulle primêre taalverwerwingsvermoë reeds afgestomp het. Hierdie primêre taalverwerwingsvermoë stel mense in staat om byvoorbeeld hulle moedertaal

volkome te verwerf. In sekondêre verwerwing word *interlekte* gevorm; dit is benaderde weergawes van die doeltaal, dit wil sê die taal wat verwerf word. 'n Algemene kenmerk van interlekte is byvoorbeeld dat grammatiese patrone van die doeltaal (soos fleksieverskynsels) in hulle ontbreek. Ingrypende interlektiese aanpassing staan bekend as pidginisering en kreolisering.

Hesseling het die ontstaan van Afrikaans ten volle aan die hand van beïnvloeding probeer verklaar. Soos hier bo beredeneer word, het Hesseling naamlik probeer bewys dat dit Portugese invloed was wat die Kaapse draai aan Nederlands gegee het. Hierdie beïnvloedingshipotese was die tweede invalshoek van Bosman (1916, 1923) se kritiek op Hesseling. Bosman (1916, 1923) was die eerste om uitvoerig te beredeneer dat die hoofkarakter in die ontstaan van Afrikaans nie beïnvloeding was nie maar wel interlektiese aanpassing, naamlik Vreemdelinge-Nederlands; dus die Nederlandse interlekte van vreemdelinge aan die vroeë Kaap. Bosman het hiermee 'n uiters belangrike korrektief op Hesseling gebied: dit is naamlik so dat verskynsels soos die volgende in Afrikaans geensins aan die direkte inwerking van Portugees (Maleis, Koi, of watter taal ook al) toegeskryf kan word nie:

- die opheffing van werkwoordfleksie, waaronder die verdwyning van die imperfek en van kongruensie;
- die opheffing van die genusonderskeid tussen die klas van *de-* en *het-* substantiewe (bv. *de arm, het been*).

Hierdie tipe veranderinge het te doen met interlektiese aanpassing (Bosman se “Vreemdelinge-Nederlands”); dus met die wyse waarop talige volwassenes (veral slawe) Nederlands aan die vroeë Kaap moes verwerf (Ponelis, 1993: hoofstuk 1).

Op die oog af slaan Bosman se kompulsiewe kritiek op Hesseling 'n mens uit die veld. Bosman het hoegenaamd nie behoort tot die geleedere van diegene wat tot elke prys wou bewys dat Afrikaans 'n reglynige voortsetting is van Nederlands nie. Deur van Vreemdelinge-Nederlands uit te gaan, het Bosman immers bevestig dat Hesseling taalkontak heeltemal tereg as die kader vir die ontstaan van Afrikaans geformuleer het. Neem verder in ag dat Hesseling in sy finale skermutseling met Bosman, aan die slot van die tweede uitgawe van *Het Afrikaans*, 'n posisie geformuleer het wat interlektiese aanpassing in ag neem en nie baie ver van die standpunt van Bosman verwyderd is nie:

De vereenvoudiging, zowel bij 't substantief (verlies van het neutrum) als bij het werkwoord, schrijf ik dan ook toe aan de botsing met een vreemde taal, en wel in de eerste plaats aan het in Zuid-Afrika in de 17de eeuw zo veel gehoorde en gesproken Maleis-Portugees, hoewel niet aan die taal als zodanig. Met die laatste woorden bedoel ik dat soortgelijke vereenvoudiging overal waar te nemen is waar men, bij plotselinge nood-

zakelijkheid om zich verstaanbaar te maken, onmachtig is om de rijkdom van vorme weer te geeve die men hoort, en dan zyn toevlucht moet neme tot wat het essentiele schijnt, wat de meeste indruk maak, wat voor ons gevoel de zetel is van de betekenis der woorde (Hesseling, 1923a:123).

Dit is waarskynlik dat Bosman, soos die sogenaamde diakroniese puriste wat Afrikaans as 'n spontane ontwikkeling uit Nederlands probeer beskryf het, Afrikanernasionalistiese motiewe gehad het om Portugees uit die geskiedenis van Afrikaans te skryf. Om Portugees het dit nie soveel gegaan nie as om die feit dat die hoofgebruikers van Portugees slawe was. Deur die bydrae van slawe te negeer, het Bosman te kenne gegee dat hy onder "vreemdelinge" byvoorbeeld Franssprekendes en Duitssprekendes, dit wil sê blanke koloniste verstaan. Danksy onder andere die verskeidenheid belangrike gegewens oor die gebruik van Portugees deur slawe wat deur sy argiefnavorsing blootgelê is, het Franken (1927) Bosman se Vreemdelinge-Nederlandshipotese ondersteun en Hesseling se beïnvloedingsgedagte verwerp. Maar Franken (1927) het die brug tussen hierdie twee navorsers geslaan deur die slawe as die heel belangrikste bevolkingselement onder die vreemdelinge te erken.

4. Hesseling en die Afrikaanse taalpolitiek

'n Belangrike dryfveer van Hesseling se navorsing oor taaltoestande aan die vroeë Kaap was sy intense taalpolitieke belangstelling in Afrikaans.

Teen die einde van die negentiende eeu was die Nederlandse Taalbeweging in Suid-Afrika op sy aktiefste (De Villiers, 1936). Die strewe van hierdie beweging was om Nederlands te vestig as die kultuurtaal van Afrikaanssprekendes. Die beweging is in Kaapland gesteun deur die kragtigste instellings wat die Afrikaanse taalgemeenskap bedien het, naamlik die NG Kerk, die media en die belangrike politieke party, die Afrikanerbond. In die noordelike republieke is Nederlands as amptelike taal en onderwysmedium gebruik. In die Kaap is die leiding van die Nederlandse Taalbeweging in die loop van negentien-negentigerjare oorgeneem deur die taalkundige W.J. Viljoen, wat in 1896 in die buiteland gepromoveer het met 'n proefskrif oor die wording van Afrikaans. Teen die eeuwisseling het die Paarlse inisiatief versand, onder andere weens die politieke bokkespronge en ramspoedige finansiële eskapades van S.J. du Toit (Ponelis, 1998: hoofstuk 6; Scholtz, 1975). Daar was niemand wat teenoor byvoorbeeld W.J. Viljoen en J.H. Hofmeyr, albei invloedryke voorstanders van Nederlands as kultuurtaal, gewig op die skaal kon lê as pleitbesorger vir die kultivering van Afrikaans nie.

Hesseling was die eerste taalkundige en na J.H. Brill een van die eerste intellektuele van naam wat die kultivering van Afrikaans voorgestaan het. Dr. Johannes Brill, 'n klassikus, was rektor van die Grey-kollege in Bloemfontein. In Mei 1875 het hy in die Bloemfonteinse stadsaal 'n rede gelewer met die titel

“De Landstaal” (oorgedruk in Nienaber & Heyl, s.j.: 26-37), in die geheel ’n betoog ten gunste van die kultivering van Afrikaans. In Hesseling se eerste publikasie oor Afrikaans, ’n artikel van 1897, word die tese oor die ontstaan van Afrikaans geformuleer wat hy in sy boek van 1899 breër uitgewerk het. Goed die helfte van hierdie artikel word gewy aan argumente vir die kultivering van Afrikaans. Hesseling gaan uit van wat vandag as *diglossie* bekend staan (dit is ’n skerp verskil tussen omgangstaal en kultuurtaal). Nederlands is disfunksioneel as kultuurtaal van Afrikaanssprekendes: “... nog nooit is geschied ... dat een schrijftaal die van buiten is aangevoerd en door een kloof van twee eeuwen gescheiden is van de gesproken taal, ooit het voertuig kan worden van een nationale letterkunde ...” (1897:157). Hesseling (1897:141) het dan ook geen goeie woord vir die voorstanders van Nederlands as Suid-Afrikaanse kultuurtaal nie, onder wie J. te Winkel. Afgesien van die skerp verskil tussen die Afrikaanse omgangstaal en die Nederlandse kultuurtaal moet die konkurrensie met Engels in ag geneem word. Afrikaans as kultuurtaal, en nie Nederlands nie, sal “het eenige betrouwbare bolwerk tegen de veldwinnende macht van het Engelsch” kan wees.

Hierdie taalpolitieke ondertone klink ook deur in *Het Afrikaansch* van 1899. In 1912 wend Hesseling hom pertinent tot ’n Afrikaanse gehoor met ’n kort artikel in *Die Brandwag*. Dit is pas drie jaar na die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie, waardeur die vyandskap tussen die voorstanders van Afrikaans en van Nederlands as kultuurtaal besweer is. Maar in die Unie-Grondwet van 1910 het Afrikaans nog steeds geen amptelike status gehad nie. In sy *Brandwag*-artikel rig Hesseling hom teen die stigmatisering van Afrikaans. Hy wys daarop dat Afrikaans nie gestigmatiseer moet word op grond van sy geskiedenis en die invloed van Maleis-Portugees nie: die herkoms van Afrikaans het niks te doen met die taal se potensiaal om gekultiveer te word nie (Hesseling, 1912:3 e.v.). Hierdie uitspraak rig hy tot ds. W. Postma, ’n prominente taalnasionalis van die tyd wat, soos sy medestanders, dit met Hesseling oneens was oor wat hulle as die nederige herkoms van Afrikaans beskou het. Dit kan egter wees dat Hesseling ook hier die jingoïstiese kritiek op “kitchen Dutch” en “The Taal” op die oog gehad het: hy verwys immers in die heel eerste sin van genoemde artikel na die stigmatisering deur Engelse. Hesseling (1912:3-4) gaan breedvoerig in op die minagende en meewarige houding van Nederlanders teenoor Afrikaans, wat heel waarskynlik gehelp het om die houding van die voorstanders van Nederlands as kultuurtaal in Suid-Afrika te versterk.

Hesseling (1897, 1912) het die kultivering van Afrikaans wetenskaplik maar tog met passie beredeneer. Hy het bo alle twyfel aangetoon dat Nederlands disfunksioneel sou wees as die kultuurtaal van Afrikaanssprekendes. Hesseling is egter oorstem deur die gedreun van Afrikanernasionalisme, wat vir Afrikaans ’n onbesproke Europese en Nederlands-Germaanse bloedlyn wou gehad het (Ponelis, 1998: hoofstuk 6). Tog is Hesseling se taalpolitieke bemoeienis met

Afrikaans in 1935 beloon toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom 'n besondere erepenning vir die bevordering van Afrikaans in Nederland toegeken het.

5. Hesseling se impak

Die Afrikanernasionalistiese witwassery van Afrikaans het daartoe gelei dat Hesseling se bydrae tot die Afrikaanse taalkunde nie na behore waardeur is nie. Nogtans was sy invloed groot, en 'n hele aantal taalkundiges voor Valkhoff (1966) het Hesseling se idees verder probeer uitwerk. Die skrywer D.F. Malherbe het in 1924 'n waarderende resensie van die uitgawe van *Het Afrikaans* geskryf. Malherbe het in Duitsland oor die taalkunde gepromoveer en het in die eerste dekades van die eeu 'n belangrike bydrae as taalkundige gelewer, onder andere deur die Nederlandse Taalbeweging op taalkundige gronde te opponeer (Ponelis, 1984). Reeds in 1905 het P.J. du Toit in Gent gepromoveer met 'n proefskrif waarin Hesseling se gedagtes verder uitgewerk is. In sy sinkronies-diakroniese studie *Oor die Afrikaanse sintaksis* (1923) het J.J. le Roux hom baie sterk by Hesseling aangesluit. J.L.M. Franken (1953) het heel krities met Hesseling se insigte omgegaan, maar hy het hom tog in sy jarelange argiefnavorsing baie sterk deur Hesseling laat lei.

Selfs diegene wat wetenskaplik skerp van Hesseling verskil het, het deeglik van sy standpunte kennis geneem. Kempen se uitvoerige studie van die Afrikaanse morfologie (Kempen, 1969) verskyn in die vroeë sestigerjare sonder jaartal onder die titel *Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans*. Hierdie werk is enersyds 'n sinkroniese beskrywing van die Afrikaanse morfologie en andersyds 'n uitvoerige debat met Hesseling oor die historiese interpretasie van hierdie gegewens. Hesseling het naamlik op sogenaamde funksiewisseling gewys as een van die Maleis-Portugese invloede op Afrikaans, byvoorbeeld in 'n vorm soos *honger* wat in Afrikaans sowel naamwoordelik kan wees, soos in *ons het honger*, as adjektiewies soos in *ons is honger*. Op hierdie en ander idees van Hesseling gaan Kempen uitvoerig in sy werk in: hierdie boek wil dus sowel 'n leksikologiese beskrywing wees as 'n diakroniese studie waarin Hesseling sogenaamd gediskonfirmeer word.

Hesseling het in minstens twee opsigte 'n wesenlike bydrae tot die Afrikaanse taalkunde gelewer. Eerstens het hy die Afrikaanse taalkunde as historiese taalkunde help vestig. Tweedens het Hesseling die vroeë geskiedenis van Afrikaans binne die kader van taalkontak en van koloniale Nederlands geplaas en hiermee tot vandag toe rigting gegee aan die ondersoek van vroeë Afrikaans deur sowel voorstanders as teenstanders van sy idees. By die groot invloed wat Hesseling op die Afrikaanse taalkunde gehad het, moet ook sy rol in die besinning oor die kultivering van Afrikaans gereken word. Sy argumente waarom juis Afrikaans (en nóg Nederlands nóg Engels) tot die kultuurtaal van die Afrikaanse taalgemeenskap ontwikkel moet word, was wetenskaplik suiwer,

al is hulle vanweë die heersende taalpolitiek van die vroeë twintigste eeu nie na waarde geskat nie.

Literatuur

- Boshoff, S.P.E. 1921. *Volk en taal van Suid-Afrika*. Pretoria, Kaapstad : De Bussy, Dusseaux.
- Bosman, D.B. 1916. *Afrikaans en Maleis-Portugees*. Groningen : Universiteit Groningen. (Proefskrif.)
- Bosman, D.B. 1923. *Oor die ontstaan van Afrikaans*. Amsterdam : Swets & Zeitlinger.
- Changuion, A.N.E. 1971 [1844]. Proeve van Kaapsch taaleigen. In: Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). *Vroeë Afrikaanse woordelyste*. Pretoria : Van Schaik. p. 1-18.
- De Villiers, Anna J.D. 1936. *Die Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika*. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch XIV, Reeks B, Aflewering 2). Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
- Den Besten, Hans. 1989. From Khoekhoe foreigner talk via Hottentot Dutch to Afrikaans: the creation of a novel grammar. In: Pütz, M. & Dirven, R. (eds.). *Wheels within wheels*. Frankfurt am Main : Lang. p. 207-249.
- Du Toit, P.J. 1905. *Afrikaansche studies*. Gent : Siffer.
- Franken, J.L.M. 1927. Die taal van slawekinders en die fornikasie met slavinne. In: Franken, J.L.M. *Taalhistoriese bydraes*. Kaapstad : Balkema. p. 15-27.
- Franken, J.L.M. 1953. *Taalhistoriese bydraes*. Kaapstad : Balkema.
- Gouws, R.H. 1995. Ou wyn in nuwe sakke: 'n metaleksikografiese herwaarderung van enkele komponente in Mansvelt se *Idiotikon*. In: Bosman, Nerina (red.) *'n Man van woorde. Feesbundel vir Louis Eksteen*. Pretoria : Van Schaik. p. 42-58.
- Hesseling, D.C. 1897. Het Hollandsch in Zuid-Afrika. *De Gids*, 61: 138-162.
- Hesseling, D.C. 1905. *Het Negerhollandsch der Deense Antillen*. Leiden : Sijthoff.
- Hesseling, D.C. 1912. Is het Afrikaans een beschaafde taal? *Die Brandwag*, Junie 1.
- Hesseling, D.C. 1923a [1899]. *Het Afrikaans*. (Tweede uitgawe) Leiden : Brill.
- Hesseling, D.C. 1923b. Het Frans in Noord-Amerika en het Nederlands in Zuid-Afrika. *De Gids*, 87: 438-457.
- Kempen, W. 1969. *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans*. (Hersiëne uitgawe van *Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans*) Kaapstad : Nasou.
- Kern, H. 1890. Transvaalsche spraakkunst en Woordenlijst van het Transvaalsch taaleigen. *Onze Volkstaal*, 3: 106-144.
- Kloeke, G.G. 1950. *Herkomst en groei van het Afrikaans*. Leiden : Universitaire Pers.
- Le Roux, J.J. 1923. *Oor die Afrikaanse sintaksis*. Amsterdam : Swets en Zeitlinger.
- Leal, L. 1978. *Die Portugese leksikale elemente in Afrikaans*. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO) Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Loubser, J.E. (red.) 1980. *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal en Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels*. Kaapstad : Tafelberg.
- Louw, Stephanus A. 1948. *Dialekvermenging en taalontwikkeling*. Kaapstad : Balkema.
- Malherbe, Daniël F. 1924. Resensie van Hesseling 1923. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 3: 45-57, 110-120.
- Mansvelt, N. 1971 [1884]. *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon*. In: Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). *Vroeë Afrikaanse woordelyste*. Pretoria : Van Schaik. p. 129-221.
- Muysken, P. & G. Meijer. 1979. Introduction. In: Markey, T.L. & Roberge, P. T. (eds.). *On the origin and formation of creoles: a miscellany of articles by Dirk Christiaan Hesseling*. Ann Arbor : Karoma. p. vii-xix.

- Nienaber, G.S. 1963. *Hottentots*. Pretoria : Van Schaik.
- Nienaber, P.J. & Heyl, J.A. (reds.). s.j. *Pleidoorie in belang van Afrikaans. Deel I*. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- Ponelis, F.A. 1984. D.F. Malherbe en die Afrikaanse Beweging. *D.F. Malherbe-Gedenklesing 3*. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Ponelis, F.A. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt am Main : Lang.
- Ponelis, F.A. 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch 1998/1) Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
- Raidt, Edith H. 1994 [1975]. Nuwe aktualiteit van 'n ou polemieks. In: Raidt, Edith H. *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg : Witwatersrand University Press. p. 33-52.
- Raidt, Edith H. 1994 [1976]. Die herkoms van objekskonstruksies met *vir*. In: Raidt, E.H. *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg : Witwatersrand University Press. p. 116-147.
- Raidt, Edith H. 1994 [1981]. Oor die herkoms van die Afrikaanse reduplikasie. In: Raidt, E.H. *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg : Witwatersrand University Press. p. 148-160.
- Robins, R.H. 1967. *A short history of linguistics*. London : Longman.
- Scholtz, D.A. 1975. *Ds. S.J. du Toit as kerkman en kultuurleier*. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif.)
- Scholtz, J. du P. 1981 [1950]. Oor die herkoms van Afrikaans. Resensie van Kloeke 1950. In: Scholtz, J. du P. *Taalhistoriese opstelle*. (Tweede uitgawe.) Kaapstad : Tafelberg. p. 232-256.
- Schuchardt, Hugo. 1891. *Kreolische Studien*. Wien : Holder.
- Valkhoff, Marius F. 1966. *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*. Johannesburg : Witwatersrand University Press.
- Valkhoff, Marius F. 1972. *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*. Leuven : Peeters.
- Van Rensburg, M.C.J. (red.). 1984. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Ongepubliseerde verslag.
- Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. *et al.* (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria : Academica. p. 436-467.
- Viljoen, W.J. 1896. *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*. Strassburg : Trübner.

